



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte



LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)
 3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.
 4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
 5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
 6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.
-

AFDELING A LETTERKUNDE**INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantse bladsy) 	VRAAG (regterkantse bladsy) 
---	---

ASEM – Jan Vermeulen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Asem*.

VRAAG 1***Die verjaardag wat alles verander het.***

1.1 "Ek sal julle nooit weer op my verjaardag pla nie. Ons maak dit vanaand die heel laaste keer. Vanaand begin alles verander, julle sal sien. Asseblief, ou Theo."

[bl. 22]

1.1.1 Wat was die naam van die eerste klub waarheen hulle vir die verjaardagviering gegaan het? (1)

1.1.2 Jumbo Kruger het vir Barries by die eerste klub uitgegooi omdat hy 'n man geslaan het.

Gee twee redes hoekom Barries die man geslaan het. (2)

1.2 Voor hulle na die tweede klub gegaan het, het hulle eers by Butcher gestop.

1.2.1 Gee een rede waarom Butcher daardie aand vir Barries kwaad geword het. (1)

1.2.2 Hoekom was Barries se vriende daardie aand so bang vir Butcher in sy winkel? (1)

1.3 Dan sien hy die bloed teen die Kadett se versplinterde, ingeduike voorruit. Langs hom sit en huil Lizette.

"Hoekom tjank jy? Wat het gebeur?"

"Ons het iemand omgery," sê sy snikkend.

[bl. 27]

1.3.1 Wie het die motor gedurende die ongeluk bestuur? (1)

1.3.2 Barries se ma het gedink dat Barries se vriende 'n slegte invloed op Barries gehad het.

Waarom kan ons sê dat Barries die aand van sy verjaardag 'n slegte invloed op sy vriende gehad het? (1)

1.3.3 Watter soort werk het die persoon wat hulle omgery het, gedoen? (1)

1.3.4 Waarom was Barries, na die ongeluk, ook in die hospitaal? (1)

1.4 "Eintlik wou ek net sê, ek is jammer, jammer, jammer."

Sy hou sy arm stywer vas. Die glimlag het nie verdwyn nie. "God help my dag vir dag om julle te vergewe." Dit klink of sy dit moeilik sê, tog kan hy aanvoel sy bedoel elke woord. "Vergewe nou jousef."

[bl. 246]


1.4.1 Wie het in hierdie uittreksel met Barries gepraat? (1)

1.4.2 Die motorongeluk op die aand van Barries se verjaardag het veroorsaak dat 'n kind sonder 'n pa sou grootword.

Motiveer bostaande stelling. (2)

1.5 Voorblad:

Die voorblad van 'n roman gee altyd 'n kort opsomming van die inhoud van die roman.



[LAPA Uitgewers, 2016]

Voltooi die sinne in die onderstaande tabel en verduidelik hoe die **illustrasies op die voorblad** by die **feite in die roman** pas.

Skryf net die **nommer van die vraag** in jou Antwoordboek en **voltooi die sin**.

VOORBLAD	FEITE IN ROMAN
Die seun op die voorblad se oë is kwaad en vol woede .	1.5.1 <i>Dit lyk soos Barries se oë, want Barries was kwaad omdat ...</i> (1)
Die gebroke strepe oor die voorblad suggereer spoed en vinnige beweging .	1.5.2 <i>Die aand van Barries se verjaardag het hulle ...</i> (1)
Silhoeët van die stad .	1.5.3 <i>Barries se probleme het in die stad begin, want daar was ...</i> (1)

[15]

VRAAG 2***Die geheim in Barries se ouers se verlede.***

2.1 Stef stamp die pylgeweer lig teen Barries se bors.

"Jy dink jy kan tussen my en hom kom, maar jy is 'n fool. Jy is nie 'n Barnard se gat werd nie. Jy sal nooit wees nie, want Paul is nie jou pappa nie."

[bl. 199]

2.1.1 Waarom was Stef "soos 'n broer" vir Paul? Gee twee redes. (2)

2.1.2 Hoekom wou Stef vir Barries met die pylgeweer skiet? (1)

2.2 Aan die einde van die verhaal het Barries aan sy kop-en-skouerbeeld van Olga gedink.

Waarom, dink jy, wil hy die beeld laat disintegreer? (1)

2.3 Paul vertel vir Barries van die **gebeure in die verlede** wat soveel hartseer in Barries se lewe veroorsaak het.

Skryf nou 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor hierdie gebeure.

Begin jou paragraaf soos volg: **Na Barries se vyfde verjaardag het ...**

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Informasie wat Barries se ma vir Paul gegee het oor Barries se biologiese pa. Gee twee feite. (2)
- Wat die moontlike rede was waarom Barries se ma nie vroeër vir Paul van die biologiese pa wou vertel nie. (1)
- Wat Paul gedoen het om Barries se biologiese pa te vind. (1)
- Waarom Paul Barries se biologiese pa in die kroeg geslaan het. (1)
- Wat die oorsaak van Barries se biologiese pa se dood was. (1)
- Gee twee redes waarom Barries se biologiese pa se dood vir Paul van sy gesin weggehou het. (2)

2.4 "Moenie my met hom vergelyk nie!" Hy klap die foto van die rakkie af en storm op die balkon uit.

[bl. 13]

Alhoewel Paul nie Barries se biologiese pa was nie, was dit ironies dat hulle dieselfde soort eienskappe gehad het. Vul **voorbeelde** van **dieselfde soort eienskap** by Paul en Barries in die onderstaande **tabel** in.

EIENSKAP	Voorbeeld by Paul	Voorbeeld by Barries
Verslawing	2.4.1 ... (1)	<i>Barries is 'n dwelmverslaafde.</i>
Sportman	<i>Paul is 'n bokskampioen.</i>	2.4.2 ... (1)
Kunstig	2.4.3 ... (1)	<i>Barries speel hoofkitaar en skryf liedjies.</i>

(3)
[15]

VRAAG 3

Fillie staan daar met 'n lywige galjoen in die een hand, visstok in die ander, en hy glimlag breed. Hy lyk jonger met die blinkgeskeerde kop. Nico Malan Hoër duld nie dreadlocks nie, maar die skool- en koshuislewe het hom die laaste paar maande goed gedoen.

[bl. 256]

Fillie vertel vir een van sy nuwe vriende in Nico Malan Hoër **hoe Fillie en Barries mekaar ontmoet het en van die gebeure daarna.**

Voltooi die volgende **dialog** tussen **Fillie** en **sy vriend** en skryf slegs die **vraagnommer en Fillie se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

3.1 Vriend: Barries het gedink jy was 'n dief voor julle vriende geword het.
Verduidelik hoekom Barries se klere, wat jy gevat het, in die veld gelê het.

Fillie: ... (2)

3.2 Vriend: Paul het besluit dat jou gesin van Seeplaas af moes weggaan.
Hoekom het jy gesê dat dit Olga se skuld was dat jou gesin in die moeilikheid by Paul was?

Fillie: ... (1)

- 3.3 Vriend: Paul het sy besluit verander en gesê dat julle vir eers op Seeplaas mag bly.
Wie het Paul se besluit verander en noem een argument wat die persoon gebruik het.
Fillie: ... (2)
- 3.4 Vriend: Barries het vir my vertel dat jy sy lewe gered het toe Stef hom met die pylgeweer wou skiet.
Hoe het jy Barries se lewe gered?
Fillie: ... (1)
- 3.5 Vriend: Daardie dag het Barries ook die slegte nuus ontvang dat sy ma aangeval is. Wat het die aanvaller van haar gesteel?
Fillie: ... (1)
- 3.6 Vriend: Watter soort wapen het die aanvaller gebruik en wat was die resultaat van haar beserings?
Fillie: ... (2)
- 3.7 Vriend: Barries het gesê dat die aanval op sy ma wraak was.
Wie het die wraak beplan en hoekom wou die persoon wraak neem?
Fillie: ... (2)
- 3.8 Vriend: Hoe het Barries uitgewerk wie die aanval op sy ma beplan het?
Fillie: ... (2)
- 3.9 Vriend: Waar bly Barries se ma nou?
Fillie: ... (1)
- 3.10 Vriend: Watter positiewe gevolg het Vera se tragiese ongeluk in Barries se gesin se lewe gehad?
Fillie: ... (1)
- [15]**

VRAAG 4

'n Hond help met Barries se helingsproses.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 360 woorde** oor **hoe Jona vir Barries met sy emosionele helingsproses gehelp het.**

- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Inleiding ...**Paragraaf 1: Barries vind Jona**

- Hoekom het Barries, die nag toe hy Jona gevind het, uit die huis gegaan? (1)
- Gee twee moontlike redes waarom dit vir Barries moeilik was om homself te help toe hy in die see geval het? (2)
- Gee een bewys dat Barries die nag in die see desperaat was om te bly leef. (1)
- Hoe het Jona vir Paul gehelp om Barries se lewe te red? (1)

Paragraaf 2: Barries se opoffering vir Jona

- Waarom wou Paul vir Jona skiet? (1)
- Barries het belowe om self vir Jona se veeartskostes te betaal. Hoe het hy dit gedoen? (2)
- Toe die veeartskostes meer geword het, wou Barries sy kosbaarste besitting verkoop. Wat was hierdie besitting en waarom was dit toe nie nodig om dit te verkoop nie? (2)
- Later het Barries self hierdie kosbare besitting in stukke geslaan. Gee twee moontlike redes waarom hy dit gedoen het. (2)
- Na al die veeartskostes moes Barries uitvind dat Jona Von Willebrand se siekte gehad het. Wat is die simptoom van hierdie siekte? (1)
- Die veearts het gesê dat Jona se siekte "miskien 'n leerkurwe" vir Barries was. Watter lewensles, dink jy, het Jona se probleme vir Barries geleer? (1)

Paragraaf 3: Jona lei Barries na Eunice

- Hoe het Jona in die see beland en hoe het Eunice se gesin weer vir Jona gevind? (2)
- Waarom was Jona so belangrik in Eunice se lewe? (1)
- Watter spesiale item in Barries se lewe het Jona saamgevat na Eunice toe? (1)
- Waarom kan ons sê dat hierdie item vir Barries 'n simbool van Paul se liefde vir Barries was? (1)
- Waarom kon die leser aan die einde van die roman dink dat Jona nog steeds deel van Barries se lewe sou wees? (1)

Slot ...

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(5)
[25]

70 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees
 - register en toon
 - taalgebruik



5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif **BEPLANNING** boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING</p> <p>(linkerkantse bladsy)</p> 	<p>VRAAG</p> <p>(regterkantse bladsy)</p> 
---	---

VRAAG 5 E-POS



[Google images – blackrain79.com]

Situasie: Jy is in matriek en jou ouers het reeds toekomsplanne vir jou gemaak. Jy is ongelukkig oor hulle planne en het met jou ouers daaroor gepraat, maar hulle wil nie na jou luister nie.

Jy gaan dus in 'n **e-pos** probeer **om jou ouers se besluit te verander**.

Opdrag:

In jou **e-pos** aan jou ouers moet jy die volgende aspekte verduidelik:

- Waarom jou ouers se toekomsplanne nie vir jou sal werk nie.
- Wat jou planne vir die toekoms is.
- Waarom hierdie planne beter vir j^ou en jou toekoms sal werk.

Instruksies:

- Verdeel jou paragrawe volgens die bostaande aspekte.
- Jou e-pos moet ook 'n **inleidings-** en 'n **slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 150 en 220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik:

Aan	
Onderwerp	
Liewe Pa en Ma/Pa/Ma	
Liefde.	
(Jou naam)	

[20]

VRAAG 6 **ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE**
AANLYNADVERTENSIE



[Google images – info.supadupa.me]

Situasie: Jy het geld nodig en jy besluit om een van jou besittings aanlyn op die webwerf, ***Geld vir jou goed***, te verkoop.

Opdrag:

Skryf 'n **kort advertensie** vir die webwerf.

In jou **advertensie** moet jy oor die volgende aspekte skryf:

- Wat jy wil verkoop.
- 'n Beskrywing van die item.
- Hoe hierdie item die koper se lewe sal verbeter.
- Die prys van die item.

Instruksies:

- Die inhoud van jou advertensie moet **tussen 60–100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou advertensie neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou advertensie gebruik:

<p><i>Geld vir jou Goed</i></p> <p>KOOP EN VERKOOP AANLYN</p>
<p><i>(’n Titel vir jou advertensie)</i></p>
<p><i>(Inhoud van die advertensie)</i></p>

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte